T.R.H. Davenport: *South Africa: a Modern History.* (Fourth Edition). Macmillan, London, 1991. 662 pp. Prys onvermeld.

Hierdie standaardwerk van Rodney Davenport het sedert 1977 alreeds vyf herdrukke van vier uitgawes beleef, en word deur resensente as een van die gesaghebbendste algemene geskiedeniswerke oor Suid-Afrika beskou. Hierdie omvangryke verhaal van die Suid-Afrikaanse geskiedenis strek vanaf die prehistoriese tye tot Maart 1990.

Hierdie boek bestaan uit twintig hoofstukke wat in twee dele met drie afdelings elk saamgestel is. Die eerste deel, wat oor die tydperk tot 1910 handel, word op 228 bladsye in nege hoofstukke beskryf. Hierdie eerste deel kan seker as 'n historiese agtergrond beskou word vir die tweede deel wat oor die twintigste eeu handel. Die verhaal oor hierdie moderne tydperk word in elf hoofstukke of te wel 329 bladsye behandel. Vir die periodisering van die verhaal word politieke tydperke gevolg: 1652, 1795, 1835, 1902, 1910, 1924, 1933, 1948, 1960, 1964, 1978, 1990. Hierdie indeling veroorsaak byvoorbeeld dat die ekonomiese ontwikkeling (hoofstuk 19) nie as 'n integrale deel van die verhaal behandel word nie.

Die vinnige tempo van ontwikkeling in die resente Suid-Afrikaanse geskiedenis en geskiedskrywing is grootliks vir die vierde hersiening van hierdie boek verantwoordelik. In elk van hierdie uitgawes het Davenport die basiese samestelling van sy werk onveranderd gelaat. Die tweede uitgawe van 1978 is weinig hersien. In die derde uitgawe van 1987 is bykans elke hoofstuk hersien en die verhaal tot 1985 bygewerk. Hierdie vierde uitgawe is soos die tweede uitgawe nie veel hersien nie. Davenport het sy verhaal met vier jaar verleng en plek-plek nuwe perspektiewe ingewerk.

Die omvang van die hersiening in hierdie vierde uitgawe is beperk. In die eerste hoofstuk, wat oor die vroeë geskiedenis handel, is die jongste interprestasies oor die land se prehistoriese geskiedenis en die mfecane-tydperk bygewerk. Hoofstukke 17 en 18, wat oor die tydperk 1945-1990 handel, bevat die neerslag van die ontwikkeling vanaf Januarie 1986 tot met die vrylating van mnr. Nelson Mandela en die onafhanklikwording van Namibië. Hoofstuk 19 (die ekonomiese ontwikkeling) bevat enkele nuwe paragrawe oor die KSOK, resente arbeidsgeskiedenis, massaoptredes en geweld. Hoofstuk 20, wat oor 'n ontleding van die apartheidsamelewing handel, bevat eweneens enkele bywerkings. Die bylaes en aanvullende leesstof is ook bygewerk.

Gesien teen die agtergrond van die historiese mylpale (Februarie en Maart 1990) wat Davenport gekies het om sy verhaal te beëindig, hang hoofstuk 20 in die lug. Dit kon eerder by die eerste twee afdelings van deel twee geïnkorporeer gewees het. 'n Stewiger sintese oor die afsluiting van hierdie era uit die pen van die doyen van die

liberale historici in Suid-Afrika sou die insig oor hierdie tyderp verbeter het. Hierdie boek is in wese 'n politieke geskiedenis en behoort daarom omvangryker vertolkings vir sy lesers te verskaf.

Ten spyte van kritiek dat hierdie werk nie genoegsaam uit resente literatuur put nie, en dat daar leemtes op terreine soos die sosiale en kulturele geskiedenis, asook omgewingsgeskiedenis voorkom, bly hierdie werk 'n stewige toevoeging tot die Suid-Afrikaanse historiografie.

*P.J.J. Prinsloo*
*P.U. vir C.H.O.*